Laerskool Queenswood

Omsendbrief
12 Oktober 2011

Geagte Ouers en Voogde

KASKAR - 2011

Leerders kom Vrydag in die kaskarhemp met die kleur van hulle graad skooltoe.

Gr R	Lemmetjie groen	Gr 1	Koningsblou	Gr 2	Wit
Gr 3	Geel	Gr 4	Rooi	Gr 5	Groen
Gr 6	Grys	Gr 7	Swart		

- Ouers en leerders is verantwoordelik vir die veiligheid van hul tasse. Geen tasse mag na skool in klasse of op die aantreeblok gelaat word nie.
- Leerders gaan 12:00 na die baan om hulle kuipe te versier
- Klein Q's word deur graad 7's in groot kaskarre om die baan gestoot.
- Vanaf 13:00 kan leerders pragtige kerskaartjies, verjaardagkaartjies of sommer net 'n groete kaartjie teen slegs R20.00 per kaartjie maak.
- Die snoepie verkoop heerlike kos en lekkernye vanaf 14:00.
- Ouers en onderwysers kyk hoeveel pannekoeke hulle tussen 14:00 en 15:00 kan bak.
- Tussen 15:00 en 15:45 kry die Klein Q's geleentheid om hulle kaskarwedren te hou.
- Om 15:45 ry Mnr. en Mej. Kaskar 'n ere rondte om die baan.
- Die resies begin stiptelik om 16:00.
- Die braaivleisvure sal om 18:00 gereed wees om te braai. Almal wat braaipakkies bestel het, kan dit om 18:00 in die klubhuis kry. Bykosse word deur die verskillende grade voorsien aan almal wat 'n vleispakkie bestel het. (Onthou die bestellings vir braaipakkies sluit Donderdag, 13 Oktober 2011.)
- Die kuipe wat die mooiste versier is en die graad wat die meeste gees het ontvang Maandag die geesbeker in die Saal.
- Leerders wat R1750.00 en meer ingesamel het gaan na Sun City. Leerders wat R1000.00 en meer ingesamel het gaan Spur toe. Leerders wat R250.00 en meer ingesamel het gaan fliek in die saal en kry 'n roomys. Ander leerders gaan slegs fliek. Ouers moet asseblief hulle kinders aanmoedig om nog geld in te samel. **ELKE BIETJIE HELP ONS SKOOL!!!**

MNR. EN MEJ. KASKAR-FOTO'S:

Foto's is op die fotobord, naby die Snoepie. Foto's kan bestel word by mev. Ludick @ R25.00 'n foto (10 x 15). Bestellings sluit Dinsdag, 18 Oktober 2011. Sien asseblief aangehegte skeurstrokie.

BEGINNERTENNIS:

Tennislesse vir hierdie kwartaal begin op Vrydag, 21 Oktober 2011. Die laaste les vir die jaar is op 11 November 2011, net voor die eindeksamen begin.

INSTAPPIE:

'n Professionele teatermaatskappy besoek die skool op 17 Oktober 2011 en bied vir ons 'n opvoedkundige optrede met die tema "kry 'n lewe/get a life" aan. Die aanbieding kos R15.00 per leerder.

AFRIKAANSE EKSPO:

Volgende week Dinsdag, Woensdag en Donderdag, is die Afrikaanse Ekspo-uitstalling in die saal. Almal is welkom om na ons leerders se pragtige werk te kom kyk! Geen leerder sal egter sonder ouertoesig in die saal toegelaat word nie.

OUER BEGROTINGSVERGADERING:

Hierdie baie belangrike vergadering vind op 25 Oktober 2011 plaas. Tydens hierdie vergadering word die skoolgelde vir volgende jaar vasgestel. Die voorgestelde begroting is ter insae by die kantoor.

Punte van belang:

Kaskardag 2011

Mnr. en mej. Kaskar-foto's

Beginnertennis

Instappie

Afrikaanse ekspo

Ouer Begrotingsvergadering

REGISTERS:

Leerderregisters word daagliks tydens registerperiode voltooi. Indien 'n leerder na 8:00 in die oggend, sonder vooraf gereëlde toestemming, skooltoe kom, word die leerder vir die dag afwesig gemerk.

UITSTAANDE SKOOLGELD:

Let asseblief daarop dat alle uitstaande skoolgeld wat nie voor 14 Oktober 2011 ten volle vereffen is nie sal aan die invorderaars oorhandig word vir invordering.

BULLETJIE:

Eerskomende Donderdag, 13 Oktober 2011, is **BLOU BUL-DAG** by die Laerskool. Die **BULLETJIE** van die Blou Bulle besoek die skool vanaf 11:30 tot 13:30. Leerders kan @ R5.00 Blou Bul-klere of gewone klere aantrek en 'n foto saam met hom neem @ R20.00 per foto.

CARING FOR ANGELS:

Die Caring 4 Angels-projek bied 'n konsert op 29 Oktober 2011 om 14:00 by Laerskool Simon Bekker aan. Van die kunstenaars wat gaan optree is Adam, Dozi, Kurt Darren, Diederick van 7de Laan, Loui Fish en Karien van Jaarsveld. Die fondse word ingesamel vir die bou van 'n huis van veiligheid vir kinders in Pretoria-Wes. Indien u sou belangstel in kaartjies vir die konsert, skakel gerus vir Yolandi Cochrane by 079 817 2724.

Q'WIETSPELE:

Op 28 Oktober 2011 is dit Q'wietspele! Daar is elke middag, vanaf 13:30 tot half 14:30 langafstand– en naelloopoefening. Vanaf 17 Oktober 2011 sal daar oefening wees vir alle velditems vanaf 14:30 tot 15:30.

Vriendelike groete

……..…….....

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Registers

Uitstaande skoolgeld

Bulletjie

Caring for angels

Q'wietspele

Atletiekoefentye